## NAULILA

Die botsing wat in 1914 tussen Duitse en Portugese troepe by Naulila aan die oewer van die Kunenerivier plaasgevind het, is seker een van die mees sonderlinge gebeurtenisse in die veelbewoë geskiedenis van Suidwes-Afrika.

Op 28 Julie 1914 het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek. Drie dae later het Duitsland tot die oorlog toegetree; middernag, 4 Augustus, het Brittanje hom aan die kant van die Geallieerdes teen Duitsland geskaar.[1] As gevolg daarvan het Suid-Afrika ook in die stryd teen Duitsland getree en op versoek van die Britse regering 'n veldtog teen Duits-Suidwes-Afrika beplan. Suidwes-Afrika was dus aan die suidekant sowel as van die kant van Betjoeanaland in die ooste, deur gebied van Brittanje en sy bondgenoot begrens. Die belangrike hawe van Walvisbaai was reeds vir 'n aantal dekades die besit van die Kaapkolonie en daarna die Unie en die hawens van Lüderitzbucht en Swakopmund was spoedig van die seekant vir Duitse skepe ontoeganklik vanweë die teenwoordigheid en beheer van Britse vaartuie aan die weskus. Dit het ook spoedig geblyk dat dit die taktiek van die Unie-troepe sou wees om Lüderitzbucht en Swakopmund in besit te neem en vandaar in die rigting van Windhoek te beweeg.

Hierdie omstandighede het die Duitse goewerneur, dr. Theodor Seitz, daartoe beweeg om 'n verbinding met Portugese handelaars van Angola in die noorde te probeer bewerkstellig, aangesien Portugal nog nie tot die oorlog toegetree het nie en dit die enigste moontlike roete was waarlangs voorrade verkry sou kon word.[2] Hoewel Portugal eers op 9 Maart 1916 oorlog teen Duitsland verklaar het,[3] was daar egter vir baie jare reeds 'n ongeskrewe bondgenootskap tussen hom en Brittanje. Die Portugese wou dus graag hulle neutraliteit bewys en was nie goedgesind teenoor Seitz se plan nie. Hulle het ook sover gegaan om die werksaamhede van 'n Duitse studiekommissie, wat juis besig was om aanvoorwerk vir 'n spoorlyn in suidelike Angola te doen, stop te sit.[4]

Een van die lede van hierdie kommissie, dr. Vageler, het besluit om langs 'n suidwaartse roete Duitse grondgebied te probeer bereik. Op versoek van die Suidwes-regering wou hy 'n transport lewensmiddele, wat vir Suidwes-Afrika bedoel was, vanaf Lubango na die grens bring, waar die Duitsers dit dan sou oorneem.

Op 12 September 1914 is krygswet in Angola afgekondig en dit het Vageler haastig gemaak om sy vrag af te lewer en daarvan ontslae te raak. Berig omtrent sy koms het Outjo ondertussen bereik en 'n patrollie het na die Kunene vertrek om die voorrade in ontvangs te neem. Die patrollie het bestaan uit die *Bezirksamtmann* dr. Schultze-Jena, korporaal Braunsdorf en vyf manskappe.[5] Schultze-Jena en sy metgeselle het 'n

---

1. Hayes, Baldwin en Cole: *History of Western Civilization*, bl. 712.
2. T. Seitz: *Südafrika im Weltkriege*, bl. 39.
3. Hayes, Baldwin en Cole: *op. cit.*, bl. 714.
4. Seitz: *op. cit.*, bl. 39.
5. R. Hennig: *Deutsch-Suedwest im Weltkriege*, bl. 110.

omweg na die Kunene gevolg en verskeie van die Ovambo-stamhoofde besoek. Hy het probeer om hulle te beweeg om rustig te bly ten spyte van die oorlog. Vanaf die Uukuanjama-stam is hulle direk na Erikssonsdrift aan die Kunene.[6]

Vageler het intussen sy waens agtergelaat en vooruit gegaan om die patrollie te ontmoet. Toe hy die rivier bereik, kon hy nog geen teken van die verwagte Duitse patrollie vind nie. 'n Berig het hom egter bereik dat dr. Schultze-Jena wel in aantog was. Vageler het besef dat, indien Schultze-Jena sonder meer Portugese gebied sou betree, hy as vreemdeling beskou sou word en dus volgens die krygswetdekreet van 12 September nie op enige beskerming kon reken nie. Hy wou die offisier, wat nog nie van die krygswet bewus was nie, ten alle koste waarsku.

In sy naarstiglike soektog in die omgewing van die rivier is Vagelar deur Portugese soldate aangekeer, na die fortjie Naulila geneem en vandaar 'n entjie stroomopwaarts na Humbe, waaronder Naulila geressorteer het. By Humbe was die Portugese *chef de poste* radeloos. Hy het 'n dienstelegram ontvang waarin die teenwoordigheid van die Duitse patrollie aan die grens hom meegedeel word. Feitlik tegelykertyd het hy 'n brief van Schultze-Jena self ontvang, maar kon nie die Duits verstaan nie. Vageler het dadelik aangebied om die brief te vertaal. In die brief het Schultze-Jena die *chef* versoek om na Erikssonsdrift te kom vir samespreking. Spoedig was hulle daarheen op pad.

Die groepie het Erikssonsdrift om nege-uur die oggend van 17 Oktober bereik, maar gevind dat Schultze-Jena met Loesch en Roeder net 'n uur tevore na Naulila vertrek het. Die hele groepie het deeglik besef dat Schultze-Jena onbewus van die gevaar was en dat dit tot ernstige misverstand kon lei. Manskap Kümmel is onmiddellik agterna gestuur, maar het nie weer teruggekeer nie. Daarop het korporaal Braunsdorf agterna gegaan en later met 'n brief teruggekeer wat Kümmel op bevel van Naulila se fortkommandant geskryf het. Kümmel deel in die brief kortliks mee dat dr. Schultze-Jena, Loesch en Roeder geskiet is en dat hulle gids, Jensen, sowel as Kümmel self gewond en gevang is. Vageler word gevra om self na Naulila te kom om nadere besonderhede te verkry.

Vageler het onmiddellik gehandel. Hy het die bevel oor die drie agtergeblewenes van die Schultze-ekspedisie oorgeneem en suidwaarts na Okaukuejo, die naaste Duitse telegraafstasie, vertrek. Die Portugese *chef* het hom na Humbe teruggehaas.[7]

Die nuus van die moord het die Duitse opperbevel op 24 Oktober 1914 bereik. Die opperbevelhebber, *Oberstleutnant* Von Heydebreck, en die tweede-in-bevel, majoor Viktor Franke, was albei in die suide van Suidwes Afrika besig om die teenstand teen die verwagte inval vanuit die Unie te organiseer. Hulle het die saak dringend bespreek en die volgende dag besluit dat 'n strafepskedisie deur Franke na Naulila onderneem moes word. Die sogenaamde *Regiment Franke* sou bestaan uit driekwart van die 2de

6. A. Wulfhorst: *25 Jahre unserer Ovambo-arbeit*, bl. 99; Hennig: *op. cit.*, bl. 110.
7. Hennig: *op. cit.*, bl. 109-110.

Kompanie, die hele 6de Kompanie, die 1ste Artillerie-afdeling versterk deur 'n groep veldkanonne en die seinkorps onder Fricke. Al hierdie afdelings was op daardie tydstip in die omgewing van Kalkfontein-Suid (die huidige Karasburg). Die eerste troepetransport het reeds op 26 Oktober daarvandaan vertrek.


Daar was haas nodig met hierdie ekspedisie. Die Duitsers het reeds mislukkings teen die Unie-troepe aan die suidgrens ondervind en 'n direkte inval was op hande. Om die waarheid te sê, toe die regiment op 4 November op Outjo aankom, het die eerste Britse oorlogskip juis voor Walvisbaai en Swakopmund verskyn.[8] Die normale reëntyd vir noordelike Suidwes-Afrika was ook op hande en die Duitsers was daarvan bewus dat dit 'n onbegonne taak sou wees om met 'n ekspedisie van by die 500 mense en hul toebehore deur westelike Ovamboland te trek as die reëns eers begin val het. Hulle moes egter ook aan die ander kant daarmee rekening hou dat die watervoorsiening langs die beplande roete kwalik vir so 'n groot groep mense en diere toereikend sou wees. Om die posisie verder dramaties te vertroebel, is die opperbevelhebber, Von Heydebreck, op 9 November noodlottig gewond tydens toetse wat met nuwe geweergranate op Kalkfontein-Suid gemaak is. Hy is op 12 November oorlede.[9] Dit het meegebring dat Franke, wat toe reeds tot op Okaukuejo aan die westekant van die Etosjapan gevorder het, die opperbevel moes oorneem. Hy het daarvandaan na Windhoek teruggekeer vir samesprekings en besluit om met die veldtog na Naulila voort te gaan en die troepe in die suide onder bevel van majoor Ritter te laat.[10]

Die vraag ontstaan wel of hierdie Naulila-veldtog nog gerade was in die besondere omstandighede. Vanuit militêre oogpunt beskou, was alle beskikbare troepe in suidelike en sentrale Suidwes-Afrika nodig om teen die invallers uit die Unie wal te gooi. Tog moet dit ook in gedagte gehou word dat berigte die Duitse owerhede bereik het dat daar 'n sametrekking van Portugese troepe in suidelike Angola was. Dit lyk egter geregverdig om te beweer dat die begeerte om wraak te neem vir wat hulle beskou het as 'n verraderlike moorddaad, die deurslag gegee het ten gunste van die deurvoering van die ekspedisie.

Op 24 November was majoor Franke weer terug op Okaukuejo. Die 2de Kompanie het intussen groepe ruiters vooruit gestuur na Okahakana ('n vlei wes van die Etosja), Onolongo, Tamansu, Ongandjera en steeds verder aan. Hulle moes die bestaande watergate so goed moontlik oopmaak en vergroot. Die water was egter nie so sterk dat die hele *Regiment Franke* gelyktydig hulle dors daar kon les nie. Daarom het Franke die verskillende afdelings met tussenposes op pad laat gaan. Ten spyte daarvan moes tog soms dorstrekke onderneem word.

Dr. Vageler het reeds tussen Ombika en Okaukuejo by die regiment aangesluit en sou hulle as gids vergesel.

8. H. von Oelhafen: *Der Feldzug in Südwest*, bl. 53-54.
9. *Ibid*, bl. 55.
10. *Ibid.*, ble. 81, 55.




*Kaart Aantonende die Ligging van Naulila.*

Die Ovambo-stamhoofde Tsjaanika (van die Ongandjera-stam) en Muala (van die Uukualuudhi-stam) was aanvanklik traag om met die troepe saam te werk, maar toe Franke hulle persoonlik *per motor* besoek, het hulle meer inskiklik geword. Op 11 Desember het Franke twee patrollies vanaf Uukualuudhi na die Kunene uitgestuur. Die een, onder luitenant Suhling, moes 'n geskikte laerplek naby Erikssonsdrift gaan uitsoek en die ander onder onderoffisier W. Mattenklodt moes probeer vasstel hoe sterk die besetting van Naulila was. Die twee patrollies het saam gery tot naby die rivier en by Sanddrift met 'n Portugese patrollie slaags geraak. Nadat hulle 'n geskikte laerplek gevind het, het Mattenklodt se groep verder gegaan. Toe hulle die aand van die 12de Desember hulle perde in die rivier laat suip, is hulle vanuit die digte bosse onder die lood gesteek. Die volgende dag is hulle verder en het sowat drie myl suid van Naulila 'n sterk Portugese patrollie teëgekom.

Teen die aand van 15 Desember was die hele regiment byeen by die laerplek sowat vier myl van die rivier af.[11] Vir Franke was dit duidelik

11. *Ibid.*, bl. 82.

dat sy koms geen verrassing vir die Portugese was nie en dat daar 'n groot bedrywigheid van patrollies en spioene was. Dit was in werklikheid ook so dat in en rondom Naulila daar 450 Portugese en 300 gewapende inboorlinge saamgetrek was, gesteun deur vier stuks geskut en vier masjiengewere.[12]

Op grond van verdere verkenningstogte het dit vir Franke duidelik geword dat die Portugese bevelvoerder die Duitse aanval langs die voor die hand liggende roete vanuit die suidweste verwag het. Franke se plan was om wel die 2de Kompanie met die rivier langs op te stuur, maar dat die hoofmag, bestaande uit die 6de Kompanie en die artillerie-afdeling 'n groot omweg sou volg en die fort vanuit die ooste sou aanval.[13] Die twee groepe moes gelyktydig teen dagbreek, 18 Desember, aanval. Om dus betyds in posisie te kom, het Franke met die hoofmag reeds die vorige middag uit die kamp vertrek. Vroeg, om twee-uur die oggend van 18 Desember, het die 2de Kompanie uit die kamp vertrek.

Met die aanval het alles nie vlot verloop nie. Met twee dinge is daar nie rekening gehou nie, nl. dat die roete wat 2de Kompanie gevolg het sowat drie myl langer was as wat hulle gemeen het, en dat daar 'n hele reeks loopgrawe was wat hulle eers moes inneem voordat hulle 'n aanval op die fort self kon doen. Hulle was dus nie op die afgesproke tyd gereed vir die finale aanval nie.[14] Die gevolg was dat die 6de Kompanie feitlik alleen in die hitte van die stryd beland het. Ook hulle moes sterk loopgraafteenstand oorkom, maar die kanonnier het daarin geslaag om die fort te tref en aan die brand te skiet. Die oop terrein waaroor hulle die fort moes aanval, het egter meegebring dat hulle getalle heelwat uitgedun is. Veral die inboorlingskerpskutters wat in die hol stamme van die kremetartbome opgeklim en vandaar ongemerk verwoesting gesaai het, het 'n hoë tol aan dooies en veral gewondes onder die aanvallers geëis. Toe Franke self na die voorste linie jaag om ondersoek in te stel, kry hy 'n skoot deur die gesig en skouer. Menende dat die opperbevelvoerder noodlottig gewond is, het kaptein Trainer die bevel oorgeneem en tot 'n algemene stormloop op die fort oorgegaan. Die Portugese bevelvoerder, kolonel Rocadas, en die bemanning het die wyk geneem en halsoorkop die bosse in en oor die Kunene gevlug.[15] Altesaam drie Portugese offisiere en 63 manskappe is gevange geneem.

Die aanvallers het nie die vlugtendes oor die rivier agtervolg nie. Dit het ook later onnodig geblyk aangesien alle Portugese poste in die omgewing vinnig ontruim is en die magte heelwat verder noord weer gekonsolideer is. Aan Portugese kant was daar meer as 150 dooies en baie gewondes, terwyl aan Duitse kant 31 man gedood of baie swaar verwond is. Heelwat van die aanvallers is ook lig verwond. 'n Veldhospitaal is dadelik na die geveg opgeslaan en die dooies is die volgende oggend begrawe. Sewe

12. *Ibid.*, bl. 90.
13. W. Mattenklodt: *A Fugitive in South-West Africa*, bl. 65.
14. Von Oelhafen: *Op. cit.*, bl. 85-86.
15. Mattenklodt: *Op. cit.*, bl. 70-71.

gewapende inboorlinge is volgens krygswet veroordeel en gehang. Aan oorlogsbuit het die Duitsers 'n masjiengeweer, 70 gewere, 70,000 patrone, 400 kanonkoeëls, 17 ossewaens en 'n veldhospitaalkar verkry.

Pas na die geveg is 'n brief aan kolonel Rocadas gestuur waarin hy gevra is om oor te gee. Daar het egter geen antwoord teruggekom nie en die middag van die 19de Desember het die regiment weer die terugtog aanvaar. Voertuie is vanaf Onkolonkadhi teruggestuur om die gewondes te vervoer en op die Finse sendingstasie Uukualuudhi is 'n hospitaal ingerig.

Op 27 Desember 1914 het berig hulle bereik dat die Unie-troepe te Walvisbaai geland het. Franke het sy regiment op 8 Januarie 1915 by Ombika verlaat en hom gehaas om teenstand teen die inval te organiseer. Die regiment het nou onder bevel van kaptein Trainer gestaan en as die *Regiment Naulila* bekend geword. Teen 15 Januarie was die staf, seinkorps en die artillerie-afdeling op Okanjande en die 2de en 6de Kompanies op Johann-Albrechtshöhe waar hulle die daaropvolgende weke sou herstel en gereed staan vir gebruik teen Walvisbaai.[16]

So het die naam Naulila bekendheid in die geskiedenis van Suidwes-Afrika verwerf. As deel van die slothoofstuk van die Duitse beheer oor Suidwes-Afrika is dit een van die gebeurtenisse wat getuig van die onbetwisbare deursettingsvermoë wat die *Schutztruppe* vir 26 jaar lank in dié Duitse kolonie aan die dag gelê het.

Dr. E. L. P. Stals.

16. Von Oelhafen: *Op. cit.*, bl. 89-91.